

III.

Dr. H. begin sijn derde hoofdstuk met 'n kort bespreking van die verskillende teorieë ter verklaring van die eigaardige van die Afrikaanse vormleer gegee. Daarbij, sê Dr. H., is veral gelet op die analytiese karakter van Afrikaans, en gesoek na analoga in ander tale, sonder voldoende aandag te gee aan die Afrikaanse woordeskat, en aan die geskiedenis van die volksplanting aan die Kaap. „Deze methode kan men billijken, mits slechts de vergelijking met hetgeen elders voorkomt overtuigend zij; waar toch invloed op de vormleer bewezen is, behoeft zeldzaamheid van overgenomen woorden geen onoverkomelijk bezwaar te zijn tegen het trekken eener conclusie, al zijn ook de gevallen uiterst schaarsch waarin een taal door aanraking met een andere vervormd wordt, zonder dat haar woordenschat daarvan zeer duidelijke en talrijke sporen draagt.”

Of Dr. H. self gloo aan die moontlikheid van so'n invloed op die vormleer, sonder dat die woordeskat van 'n taal die invloed vertoon, is nie duidelik nie. Ek kan mij so 'n invloed voorstel op die klankleer en op die syntaksis, maar nie op die vormleer nie, of dit moet invloed van b.v. *Maleis-Afrikaans* op suiwer Afrikaans wees,

Ook in sij bestrijding van Dr. Kruisinga laat Dr. H. hom onduidelik uit ¹⁾.

Dr. H. noem geen voorbeelde, en ek ken ook geen voorbeeld van die uiters skaarse gevalle waarin 'n taal inwerking op sij vormleer vertoon, sonder dat sij woordeskat duidelike spore dra van die invloed van die inwerkende taal. Die vormleer van 'n taal kan op twee maniere spore van vreemde invloed vertoon: deur verlies van bestaande vorm-elemente, en deur opname van vreemde vorm-elemente. Daar die eerste die rigting is waarin die meeste tale spontaan ontwikkel, kan hier hoogstens versnelling van tempo aangetoon word, sonder dat dit in die reël aanwysbaar sal wees aan watter biesondere momente in die vreemde, inwerkende taal die verlies van 'n spesiale vorm-element moet toegeskrijf word, of, wanneer daar meer as een vreemde taal is, aan watter vreemde taal. Bewijs van die inwerking van die of die spesiale taal op die vormleer van Afrikaans kan m.i. alleen gelewer word, deur aan te toon dat Afrikaans 'n bepaalde, vreemde vorm-element aan die taal ontleen het. En daar 'n vreemde vorm-element alleen kan ontleen word langes die weg van 'n massa vreemde woorde met die element, kan Dr. H. gerus aan ander, en ons aan Dr. H., die besproke konsessie verleen. As hij kan bewijs, dat met name Maleis-Portugees aanwysbare invloed gehad het op die Afrikaanse vormleer, dan sal ons geen beswaar maak teen die feit

¹⁾ *Taal en Lett.* XVI, p. 488, sê Dr. H.: „t Samenkomen van twee talen kan tot wederzijdse vereenvoudiging of tot vereenvoudiging van een der beide talen leiden, zonder dat bepaalde vormen of zelfs woorden van de ene taal op de andere overgaan”.

dat daar in Afrikaans so 'n geringe aantal Maleis-Portugese woorde oorgeneem is nie. Die argument wat Dr. H. op bladsij 145 gebruik kan ons egter nie langer toelaat nie. Daar sê hij, dat uit die taal-verskijnsele self alleen nie kan afgelei word watter biesondere taal die aanleidende oorsaak was bij die vereenvoudiging van die Afrikaanse konjugasie nie, maar dat die geskiedenis en ander oorweging wijs op Maleis-Portugees as die oorsaak. Ek meen aangetoon te hê, dat die geskiedenis nie die rol aan Maleis-Portugees toeken wat Dr. H. meen dat die taal gespeel het nie. En die reeds behandelde en nog te behandle ander oorweging lewer ewemin die bewijs daarvoor.

Ons neem goeie nota van die feit dat, om die eigenaardige van die Afrikaanse vormleer te verklaar, gedink is aan: 1^o. spontane ontwikkeling, 2^o. Franse invloed, 3^o. Hottentotse invloed, 4^o. Duitse invloed, 5^o. Engelse invloed en 6^o. Maleis-Portugese invloed, sonder om hier stil te staan bij 'n bespreking van die verskillende teorieë.

Die eerste punt van die Afrikaanse vormleer wat bespreek word, is die feit dat in Afrikaans die meervoud van selfstandige naamwoorde soms *-s* het, waar in Nederlands *-e(n)* gehoor word. Hier sou aan Portugese invloed kan gedink word, meen Dr. H., omdat in Portugees die meervoud van alle woorde voor klinkers en medeklinkers op *-s* eindig; maar, sê hij, ook in 17^{de} eeusw Nederlands, en vandaag nog in dialekties Nederlands, is die meervoud op *-s* baie uitgebreider as in die teenswoordige Nederlandse skriftaal. Die laaste verklaring is ongetwyfeld die juiste, en die konsekwente toepassing van die metode wat Dr. H. hier volg, sou die helfte van ons kritiek op sij werk

onmoontlik gemaak het. Uit die *Dagverhaal* van van Riebeeck haal ek nog die volgende meervoudsvorme aan, om die juistheid van die mening van Dr. Muller en Dr. Beets te staaf, as dit nodig mog wees.

Deel I: *boots* (91 en passim), *schaeps* (113. Bedoel v. R. hier om die Hottentots-Afrikaanse meervoudsvorm te gee?), *vlacktens* (113), *zees* (116), *bax* (157), *heckens* (170), *schuyts* (176), *gevangens* (201), *gecommitteerdens* (294), *mans* (335), *schrijvens* (427), *knies* (511, 517), *cosijns* (557). Deel II: *zees* (9, 17), *Caepmans* (6), *gijns* (91), *blox* (92), *vlaggens* (138), *leegstes* (= *leegtes?* 187), *heckens* (515), *haecx* (522). Deel III: *fregats* (86), *conijns* (118), *die arme bloets* (207), *seyls* (308, 333 en passim). Die vorm *hasagayers* vir *assagaaien* kom ook voor (III, 373). Vergelyk verder vir meervoudsvorme op *-s*, van Ginneken, *Handb. d. Ndl. Taal* I, p. 92, en Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal*, p. LIX. Sulke vorme, en die feit dat daarnaas die gewone vorme voorkom, gee te dinke. 'n Degelike grammatika van die 17^{de} eeuwse volks- en seemanstaal sou vir die ondersoek na die oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans, van onskatbare waarde gewees het.

Die eerste punt wat Dr. H. aanhaal onder die hoof: „bijzonderheden waarin de vormleer van het Afrikaansch afwijkt van die van onze taal”, is dus enigszins misplaas ¹⁾.

Daar die verkleiningsuitgang *-tjie* volgens Dr. H. 'n kontaminasie-vorm is van die Hollandse uitgange *-ie* en *-tje* kon dit 'n spontane ontwikkeling in Afrikaans wees. Maar

¹⁾ Die woorde *lammeroes* en *koffieoes* (Noot, p. 133) is geen meervoudsvorme nie, maar die Afrikaans vir Nederlands *lammeroogst* en *koffieoogst*.

die uitgang bestaan ook in dialekties Nederlands: vgl. van Ginneken, I, p. 207. Die veelvuldige dialektiese gebruik van verkleinwoordjies is alweer nie aan Afrikaans „eigen” nie, maar ook karakteristiek van 17^{de} eeus Nederlands. En dat dit nie 'n karaktertrek alleen van die 17^{de} eeuse digtertaal was nie, kan die volgende sinsnede uit die meergenoemde *Dagverhaal* bewijs: „een cleyne mijlgen nader 't fordt bij 't ronde doorn-bosjen aan dese sijde van dito rivier offte Amstel, ende dat van 't cleyne bosbruggetje aff tot aen 't project van het te maken redoutjen” ens. (II, 130).

Ook die omskrywing van die genitief deur middel van die besittelike voornaamwoord kon dikwels bij van Riebeeck, en al van die 15^{de} eeuw af, voor. Sie nog *Ndl. Wdb.* V, 1425 op *haar*. Van Riebeeck skryf: *de hoenders hare nesten* (I, 137), *de capiteyn sijn vader* (I, 302), *'t schip den Olifant sijn touw* (II, 44) ens. ens. Dat die gebruik nog meer uitgebrei is in Afrikaans, is net wat ons sou verwag. Sulke analytiese vorme in 17^{de} eeus Nederlands het 'n skitterende toekoms tegemoet gegaan in Afrikaans. In die buurt van die Paarl word gewoonlik nog gesê *Ma haar hoed*, terwyl b.v. in die Vrijstaat gesê word *Ma se hoed*. Dit bewijs dat die verdringing van *haar* deur *se* 'n vereenvoudiging is van betreklik jong datum. Ook waar *haar* nog in die Vrijstaat gebruik word, is dit meestal onder ouere mense. Of ons bij uitdrukkinge as: *Ma se hoed* te doen het met spontane ontwikkeling, dan of invloed van inboorlinge-tale moet aangeneem word, weet ek nie. Die gekleurde en die Hottentot gebruik dikwels *hij* vir vrouwelike persone en diere: *mij vrouw is siek, hij het kopseer*. In Nederlands word *hij* ook van vrouwelike wesens gebruik.

Dat die geslagsonderskeiding deur middel van die lidwoord in Afrikaans verlore gegaan het, kan nie aan die invloed van 'n bepaalde taal toegeskryf word nie. Al die vreemde tale wat hier in aanmerking kom, kon daartoe bijgedra het; en het dit waarskynlik ook gedoen. Ongetwyfeld het die afwesigheid van 'n geskrewe taal hierin 'n rol gespeel. Wat sou die toestand ten opsigte van *de* en *het* in Nederlands gewees het, as van die 16^{de} tot die 18^{de} eeuw daar geen Nederlandse skryftaal bestaan het nie? Die invloed van die skoolmeester is 'n noodsaaklike kwaad, waarvan die betekenis in die geskiedenis van die ontwikkeling van 'n taal moeilik kan besef word.

Ook van die geslagsonderskeiding in die 17^{de} eeuwse spreektaal sou ons graag meer informasie wou gehad het. As ons bij van Riebeeck lees van *de oost ende van de bay*; *de strant* naas *het strant*; *de crael* naas *het crael*; *dese hare volcq*; *de ogenblicq*; *het oorlogh*; *de feest*; *de middel* ens. ens., dan sal die kenner van Middelnederlands die meeste gevalle kan verklaar, maar op iemand wat nie weet van die verwarring ten opsigte van die geslagte in die 16^{de} en 17^{de} eeuw nie, maak dit 'n vreemde indruk. Dat die verwarring algemeen was, dat b.v. *de huis* naas *het huis* sou voorgekom het, was seker nie die geval nie. Maar as ons sien dat in Middelnederlands b.v. *ogenblik* manlik, vroulik en onzijdig was; *middel* ook manlik en onzijdig; *einde* manlik en onzijdig; *feest*, *oorlog*, vroulik en onzijdig ens. ens., dan word die skryfwijse van van Riebeeck begripliker, en verstaan ons ook waarom dit nodig was dat grammatici, soms vrij arbitrair, die woordgeslag moes bepaal (vgl. te Winkel, *Gesch. d. Ndl. Taal*, Kap. IX

en Viljoen, *Beitr. z. Gesch. d. Kap-Holl. Spr.* p. 28).

Behalwe die oorsake, meestal fonetiese, wat in Nederlands verwarring veroorsaak het, het daar in Afrikaans nog ander bijgekome, waaronder in die eerste plaas, die invloed van die meerderheid van vreemdelinge wat die taal moes aanleer. Dat die toestande dieselfde moes word as in Engels, lê voor die hand. Die kwessie was, watter lidwoord sou segevier. Om ná die gebeurtenis te profeteer kan iedereen. Is daar ook redes aan te voer waarom *die* die oorwinning moes behaal? Dr. H. sê dat die Maleise aanwysende lidwoord *itoe* die deurslag gegee het, en dat die gebruik van die aanwysende voornaamwoord as lidwoord in Afrikaans 'n Maleïïsme is, en dat dit vrijwel *bewijs* word deur die opmerking dat Sinjo's wat sleg Hollands praat, op dieselfde manier die lidwoord vervang deur *die* (p. 136). Ek gloo dat Dr. H. hier mistas.

Dat *die* in Middelnederlands ook lidwoord was, is bekend (vgl. Franck, *Mnl. Gram.* § 216). „Maar aan de Nederlandsche schrijvers uit de XVII^{de} (en reeds uit de XVI^{de}) eeuw, ook wanneer ze de gesproken taal weergeven, is van zulk een gebruik niets bekend,” sê Dr. H. in sijn bestrijding van Dr. Kruisinga (*Taal en Letteren*, XVI, p. 481). Dit is wat die Engelsman noem „a sweeping statement.” In die laaste dekade van die 16^{de} eeuw skryf Jan Huygen van Linschoten gedurig *die* as lidwoord. Eén voorbeeld: „Den 9. van *die* selfde liepen wij door *die* Hoofden van Engelandt ende Vranckrijck. Den 12. hebben wij gesien den hoeck genaemt *die* Cabo van Finisterra. Den 15. saghen het Landt van Sintra, oft anders *die* C. de Roexent, alwaer *die* Revier Tegio ofte Tagus inde

zee loopt, aen welcke gelegen is *die* vermaerde stadt van Lisbonen" ens. (*Itinerario*, uitg. Linschoten-Ver. p. 2). Uit die *Reis* van J. C. May, 1611—1612: „*die* zee liep zeer holl van den noord noord-oosten"; „*die* nacht was *die* wind suydelick"; „*die* zee liep zeer uyt den noorden"; „met *die* fock N. O. ten O." ens., alles op die eerste paar bladsije. Ook *dat* in plaas van *het*: „*dat* ijs streckte suydelick" (Uitg. Linschoten-Ver. p. 25). Die *Ndl. Wdb.* gee 'n voorbeeld uit die Staten-Bijbel (*Levit.* 26 vs. 46). Ook bij van Riebeeck kon Dr. H. voorbeelde daarvan gevind het, dat selfs in die tweede helfte van die 17^{de} eeuw *die* nog as lidwoord in die skriftaal voorgekom het. Van Riebeeck self skryf: „*die* aencomende schepen, (I, 157); „*die* buytenste frontier" (III, 81). In die joernaal van Pieter van Meerhof (*Dagverhaal* III, 545) lees ons: „(De Soaquas) wouden ons wijs maeken dat *die* Namaquas ons doot souden slaen". Sie verder die interessante artikel van Prof. Francken oor die *Dagverhaal* van van Riebeeck in *De Unie* van September en Oktober 1905, waar nog meer voorbeelde hiervan, en ook ander wetenswaardighede oor van Riebeeck se taal meegedeel word.

Dit is, dink mij, bewijs genoeg dat ons nie invloed van die verkeer met dwangarbeiders op die stijl van „corporael Marcus Robbeltaert ende de schapenhoeder Pieter Borger" hoef aan te neem om hulle *die's* in plaas van *de's* te verklaar nie (p. 137). Trouwens, ook in die „dagelijcxte aenteekeninge" van skipper Simon Turver wemel dit van *die's* as lidwoorde, b.v. „voor *die* mond van *die* revier" (I, p. 94). Maar genoeg! Met die oog op die *Dagverhaal* lijk dit of *die* teen die middel van die

17^{de} eeuw nie meer so deftig was as *de* nie. Jan van Riebeeck skryf gewoonlik *de*; *die* kom meestal bij sij mindere voor. Ek geloof nie dat dialektiese verskille daar iets mee te doen het nie. Dit was meer 'n kwessie van smaak.

Gegewe dat *die* as lidwoord, manlik en vrouwlik, enkelvoud en meervoud, en meervoud van alle geslagte, en as aanwysende voornaamwoord — dikwels moeilik te onderskei van die lidwoord — manlik en vrouwlik, enkelvoud en meervoud van alle geslagte kon voorkom, hoef ons dan nog ons toevlug tot Maleis *itoe* te neem, om *die* as lidwoord in Afrikaans te verklaar? Dat die gebruik van *die* as lidwoord in Afrikaans sou *bewijs* word 'n Maleïïsme te wees, deur die feit dat Sinjo's wat sleg Hollands praat ook *die* sê vir *de*, en omdat *itoe* só gebruik word in Maleis, is 'n swak argument. Dit is opgemerk dat 'n Engelsman en 'n Fransman dieselfde doen, maar dit *bewijs* nog nie dat die gebruik van *die* as lidwoord in Afrikaans 'n Anglisisme of 'n Gallisisme is nie, al het die twee nasies ook in aanraking gekom met die Koloniste. In die Neger-Hollands van die Deense Antille is *die* ook die uitsluitende vorm van die lidwoord (Hesseling, *Neger-Holl.* p. 92) en dâar kan tog geen sprake wees van Maleise invloed nie, terwyl van die inwerkende elemente wat dâar in aanmerking kom, ook bij Afrikaans kwessie is.

In Afrikaans is die betreklike voornaamwoord meestal *wat*. Dit vergelyk Dr. H. met Maleis *jang*, wat net so gebruik word, sonder te sê dat hij die verbreiding van *wat* as 'n Maleïïsme beskou, maar dit sal tog wel sij bedoeling wees. Soos aan die begin van die hoofstuk

gesê, kan ontwikkeling in die richting van vereenvoudiging nie geld as bewijs van vreemde invloed nie, omdat dit al die richting is waarin die meeste tale vanself verander. So word in die spreektaal van die laëre klasse in Engeland, *what* gewoonlik net so gebruik as *wat* in Afrikaans; en in die spreektaal, ook van die hogere klasse, word *that* bijna uitsluitend as relatief gebruik; *who* en *which* word al lang deur die skriftaal as 't ware kunstmatig in lewe gehou ¹⁾).

Watter rede is daar nou, dat *wat* die ander betreklike voornaamwoorde tot so 'n mate sou verdring het. (Om te sê dat *wat* die enige en onveranderlike vorm van die betreklike voornaamwoord is, is alleen waar vir die nominatief. In die (omskrewe) tweede en derde naamval, en in die vierde naamval, kom b.v. nog voor *van wie*, *aan wie*, *vir wie*, *deur wie*, *waarvan*, *waaraan* ens.). Ook hier weer sal veelvuldigheid van gebruik as verklaring kan aangeneem word, al is dit hier nie so oortuigend te verklaar as bij die lidwoord nie. In Nederlands word *wat* gebruik as vragende voornaamwoord: *wat is er?* *hij vraagt wat er is*, *wat man is dat?* *wat een man is dat?*; as uitroep: *wat lekkere vruchten*; as betreklike voornaamwoord: *hij vroeg iets wat ik niet wist*, *ik gaf al wat ik had*, *dit is het beste wat ik heb*, *dat is juist wat ik hebben moet*, *doe wat ik zeg*, *weet wat je doet*; as onbepaalde voornaamwoord: *ik zie wat*, *ik heb je wat te vertellen*, *dat is wat anders*; as bijwoord van hoeveelheid en graad: *de*

¹⁾ Dit doet mij genoeg hier daarop te wijs, dat Dr. Kruisinga in *Taal en Letteren* XVI, p. 422 dieselfde feit vermeld. Daar die ooreenkoms mij nie deur kennismaking met sij stuk opgeval het nie, moet die ooreenkoms wel treffend wees.

melk is wat suur, hij bleef wat rusten, hij is wat knap; as tussenwerpsel: wat! komt hij niet, och wat! hij mij kloppen! toe wat! maak nou voort. Genoeg om aan te toon dat *wat* 'n goeie kans gestaan het, selfs teen *die*.

Ook in *ons vir wij* sien Dr. H. 'n Maleïïsme. Hier het ons egter weer 'n direkte aanknopingspunt met Nederlands. Immers in Seeuws word ook *ons vir wij* gebruik (vgl. o. a. van Ginneken, *Handb. d. Ndl. Taal* I, p. 208). Of Seeuws nou wel die rol gespeel het in die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, wat Dr. Jan te Winkel daaraan toeken, as hij sê dat Afrikaans sijn oorsprong het „in het dialect van Zuid-Holland en in het bijzonder van de Zuid-Hollandsche eilanden en van Zeeland”, wil ek nie beweer nie. In Neger-Hollands skryf Dr. H. *ons* toe aan Seeuwse invloed (*Neger-Holl.* p. 99). Uit die ondersoek na die afkoms van die Koloniste wat Dr. Godeé-Molsbergen gepubliseer het in *De Unie* van November 1905, blyk dat die dele van Nederland goed vertegenwoordig was onder die Koloniste, beter dan enige ander, as Amsterdam uitgesonder word. Waar sameval van vorme in 'n toonaangewende dialek al reeds plaasgevind het, kan ons moeilik iets anders verwag, as dat die produk van so 'n sameval in Afrikaans sou bestendig word. Dat Maleis (en miskien ook Frans) enige invloed in dieselfde rigting gehad het is nie onmoontlik nie, maar wat in Seeuws spontaan geskied het, kon ook in Afrikaans gebeur, selfs afgesien van die feit dat die Seeuwse vorm waarskynlik daartoe aanleiding gegee het.

Bij die aanwysende en vragende voornaamwoorde vermoed Dr. H. geen Maleis-Portugese invloed nie. Die

vorme *watter* en *waffer* is natuurlik albei uit *wat* voor ontstaan, vermoedelik al in Holland, vgl. Boekenoogen, *Zaansche Volkstaal* i. v.

Die neiging tot vereenvoudiging openbaar sig bij alle Europese tale, óók, en misskien veral, in die werkwoordelike stelsel. Om voorbeelde uit ander tale aan te haal is oorbodig. 'n Vergelyking van die teenswoordige Nederlandse vorme met die gerekonstrueerde Oer-germaanse, om stil te blij van die Indo-germaanse, wijs dat die neiging aanmerklike gevolge gehad het, ook sonder dat taalvermenging 'n groot rol hoef gespeel te hê. Hiermee wil ek nie die ontwikkeling in Afrikaans gelijk stel met die in Nederlands nie. Dat die ontwikkeling in Nederlands die kant van Afrikaans opgaan, en ondanks die invloed van die skoolmeester en die skryftaal, die kant sal blij opgaan, is seker. Dr. Kruisinga verwag, dat b.v. die meervoud van die werkwoord in Nederlands ook een dag sonder uitgang sal wees (*Taal en Lett.* XVI, p. 423), en misskien is Dr. H. dit met hom eens. Die vraag is maar net, in watter tempo vind sulke ontwikkelinge plaas. En daarop berus Dr. H. se beswaar teen die teorie van die spontane ontwikkeling van Afrikaans. Ek gloo dat Dr. H. te veel nadruk lê op invloed van vreemde talen, met name op invloed van Maleis-Portugees, en Dr. Kruisinga te veel op spontane ontwikkeling. Die vreemde tale wat in aanmerking kom, het ongetwyfeld die ontwikkelingstempo in Afrikaans versnel. Maar daar ontwikkeling in die rigting van vereenvoudiging ook sonder sulke invloed reeds moes plaas gevind het, was die invloed maar van sekondaire aard, en nie verantwoordelik vir die feit dat, maar alleen

vir die tempo waarin, die Afrikaanse werkwoordelike stelsel s'j „hyperanalytische karakter” aangeneem het. En om by die versnelling die invloed van Maleis-Portugees as sodanig, hoog aan te slaan, gaat nie op nie, aangesien dit maar één uit veel faktore was.

Om ook die element van spontane ontwikkeling enigszins tot s'j reg te laat kom, moet in die oog gehou word dat in Nederlands self, dialekties en 17^{de} eeus, vorme kan aangehaal word wat afwijk van die Nederlandse skryftaal-vorme en nader staan by die vorme in Afrikaans. Dr. van Ginneken sê: „Hesseling heeft er te weinig aandacht aan gewijd dat toch ook reeds het dialect der Zuid-Hollandsche eilanden slechts twee vormen heeft voor de tegenwoordige tijd: *ik, jij, hij past, hoort; leest — breek, geef; en wij, jullie, zij passe, hoore, leze, breke, geve* (*Handboek d. Ndl. Taal* I, p. 208). Dr. Kruisinga (t. a. p.) wijs op die Oud-Beyerlandse vorme: *hij roep, hij geef, hij tob*; die Bommelerwaardse: *'t gebeur, 't val nie mee*, en die Roermondse: *he kâmp, sprik, löp*. Die verlies langes fonetiese weg kom ook sterk uit in Rotterdams, soos ook maar oppervlakkige studie van *Boefje* van M. L. Brusse sal aantoon: *doch, wis, mos, wor, ens., vir docht, wist, mo(e)st, wordt*. Dr. H. het daarop gewijs, dat in die brief van skipper Jan Sijmonsz. aan Jan van Riebeeek (*Dagverhaal* I, p. 428 vlgg.) eigenaardige vorme voorkom.

In die brief het ons 'n merkwaardige staaltjie van 17^{de} eeuse seemanstaal. Daarby moet ons in aanmerking neem dat dit 'n voorbeeld is van geskrewe taal, in 'n brief aan 'n hooggeplaaste persoon, deur 'n skipper wat kon skrywe. Hoe die gesproke taal van die seelui geklink het, van die

matrose wat hulle naam nie kon teken nie, kan ons deur die brief enigszins vermoed. En daarbij moet ons in die gedagte hou, dat skipper Sijmonsz. onder van Riebeeck se helpers 'n uitsondering was op die algemene reël, daar hij nie alleen sijn naam kon teken nie, maar selfs 'n brief kon skrywe. Op bladsij 242 van die *Dagverhaal*, eerste deel, teken ses van van Riebeeck se twaalf „raedtspersoonen” hulle naam met 'n kruissie!

Ek haal 'n paar sinne uit die bedoelde brief aan: *hoe dat sijn sinnen ende gedachten geweest heeft; de robben waren soo mager soodat daer geen speck op en wassen; dat wij swacq van volcq was; 's morgens daernae ben sijn met malkander uytgegaen; ick Jan Symonsz. en Claes Bensingh ben over lant gelopen en sijn daer dwars van het galjot affgecomen en sien als dat de boot aen boort leyt; als hij de schuyt konde krijgen soo souden hij stracx bij mijn gecomen hebben; wy jaegde haer naer; sander-daeqhs ben wij weder overgevaren*, ens. Uitgaande van die 17^{de} eeuwe volks- en seemanstaal mag die teorie van spontane ontwikkeling nie oor die hoof gesien word nie! Maar dit moet ook direk toe gegee word, dat ons met die teorie alleen nie klaar kom nie. Dit is duidelik dat Jan Sijmonsz. nie veel gevoel vir die onderskeid tussen enkel- en meervoudsvorme bij die werkwoord gehad het nie. Maar daar is nog 'n hele afstand tussen sijn vorme en die in Afrikaans. Vreemde invloed op die stijl van Jan Sijmonsz. aan te neem, gaan nie aan nie, want die boe aangehaalde brief is al in 1654 geskryf. Na alle waarskynlikheid is hij 'n gebore Nederlander; sijn naam wijs daar ook op.

'n Ander punt waar Dr. H. Maleis-Portugese invloed

meen te kan konstateer, is in die vorming van die verlede tyd in Afrikaans. Dit kan op twee maniere geskied: 1^o. deur *het* of *is* met die verlede deelwoord, 2^o. met *toe* en die teenwoordige tyd van die werkwoord. Invloed van vreemde tale blij ook hier net so moeilik te ontken as te bewijs. Die verlies van die Nederlandse vorme van die verlede tyd skryf Dr. H. nie aan Maleis-Portugees as sodanig toe nie. In die behoefte wat deur die verlies, om watter rede dan ook, ontstaan het, moes voorsien word. Misskien ook is die vorme wat die imperfektum moes vervang, al ontwikkel nog voor die totale verlies van die tyd. Hoe dit ook sij, dit spreek bijna vanself dat die te verwagte vorme analytiese sal wees. En wat lê dan meer voor die hand, as die bestaande analytiese vorme met *het* en *had* as imperfektum te gebruik? Dr. Kruisinga wijs op 'n parallele ontwikkeling in Duits, vermeld deur Meringer: „Im ganzen scheint die Entwicklung der Sprachen auf Vereinfachung des Formenschatzes auszugehen und auf Ersetzung des Formenreichtums durch syntaktische Mittel... In den süddeutschen Dialekten ist das alte Perfektum (die sogen. Mitvergangenheit) so gut wie ausgestorben und an seine Stelle die durch ein Hilfszeitwort gebildete Vergangenheit (*ich bin gegangen, ich habe bekommen, für ich ging, ich bekam*) getreten (*Idg. Sprachwissenschaft*, Samml. Göschen, p. 40.)

Maar naas *ek het gekom* besit Afrikaans 'n historiese praesens met die bijwoordjie *toe*: *toe kom ek*, wat in die verhalende stijl gebruik word. Die feit dat die konstruksie alleen in die verhalende stijl kan gebruik word, is bewijs genoeg dat dit nie „precies op dezelfde wijze het imper-

fectum weergeeft" as Maleis-Portugees nie. Dr. H. haal 'n voorbeeld aan van 'n slaaf, wat 'n kamer inloop met die uitroep: *Jacob ja morree*. Iemand kannie binnekom en in Afrikaans uitroep *toe sterf Jacob* nie. 'n Analogon van die Afrikaanse konstruksie is nader thuis te krij, naamlik in Nederlands, waar presies op dieselfde manier in verhalende stijl *toe* met die teenwoordige tijd gebruik word. *Gistere loop ik in de Heerestraat; toe komt er 'n meneer op me af, en vraagt me of ik niet Meneer Zo-en-zo ben, en of ik niet uit Zuid-Afrika kom. Toe zeg ik: Ja, ik ben Zo-en-zo, en kom uit Zuid-Afrika; waarom vraagt U dat? Toe zegt hij* ens. ens. is tog ook Nederlands? Hierbij is daar bij die verhaler ongetwijfeld 'n verplaatsing in die verlede, en dit stel hom in staat die teenwoordige tijd te gebruik, waarin 'n strewe na aanskouwelijkheid nie kan ontken wordt nie.

In Afrikaans het die gebruik van *toe* met die praesens later 'n groter uitbreiding gekrij, sodat die strewe na aanskouwelijkheid daar vandaag moeilik in te herkenne is.

Wat betref die gebruik van *toe* met die praesens kan, meer ter wille van die aardigheid as argumentshalwe, gewijs word op die analoge bijwoord *e in Oer-indogermaans, vgl. Brugmann, *Kurze Vergl. Gram.* § 626. Oer-indogermaans *e *bherom* kan in Afrikaans vertaal word met *toe dra ek*, maar alleen in die verhalende stijl. As iemand dus hier ook in Afrikaans 'n spontane ontwikkeling wil sien, dan kan hij hom minstens op 'n deur ouderdom eerbiedwaardige voorbeeld, en vir taalgeleerdes interessante sirkelloop beroep.

Die Afrikaanse werkwoord bied ook vir mij die bewijs,

dat Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek is nie. Die verlies van die uitgang as 'n fonetiese proses te beskou is tot op sekere hoogte waarskynlik juis. Ook al het Afrikaans nooit met vreemde tale in aanraking gekom nie, is dit denkbaar dat in Afrikaans vandaag *ek, jij, hij, ons, julle, hulle loop* sou gesê geword het. Maar dat die imperfektum bij die sterk en bij die swak werkwoorde spoorloos sou verdwyn, en die verlede deelwoord van die sterk werkwoorde van die stam van die infinitief sou gevorm geword het, is bijna ondinkbaar, sonder om vreemde invloed aan te neem. Hoogstens sou mens kon verwag dat alle sterk werkwoorde swak sou geword het. Daarvoor was, hoewel die teenoorgestelde ook voorkom, aanknopingspunte te vind in Nederlands, vgl. te Winkel, *Gesch. d. Ndl. Taal*, § 38; Franck, *Mittelndl. Gram.* § 167 vlgg. Maar selfs so 'n, mens sou sê onmisbare, vorm as die verlede tijd van die hulpwerkwoord *word*, besit Afrikaans nie. Dr. Kruisinga moes meer nadruk gelê het op die invloed van die ge-adapteerde Nederlands van die vreemdelinge!

Maar van „Sprachmischung” kan tog geen sprake wees nie, of die woord moet gebruik word in 'n sin wat geen sin het nie. Nederlands het baie meer vreemde elemente in sig opgeneem as Afrikaans. Dit is Dr. H. nie geluk om b.v. 'n vreemde uitgang in Afrikaans aan te toon nie, soos gemaklik genoeg vir Nederlands kan gedoen word. So 'n woord as *zich* het Afrikaans nie van Maleis-Portugees, of watter ander vreemde taal, oorgemeen nie. En daar kan tog alleen sprake wees van 'n vermenging van tale, wanneer essensiële elemente (soos b.v. die agter-

voegsels in Ndl. *tuinier, vrijage, meesteres, tooneel, smederij, lafaard*) van een taal oorgeneem en aangepas word in 'n ander. Afrikaans kan, alweer afgesien van Anglismes, alleen 'n mengeltaal genoem word, wanneer mens bedoel dat dit 'n mengeling is van Nederlands en geadapteerde Nederlands. Daarbij blij dit so goed as onmoontlik om met sekerheid te wijs op sulke neologismes in so 'n getal, dat selfs in die sin Afrikaans met reg 'n mengeltaal kan heet. En onder die verskillende soorte geadapteerde Nederlands het Maleis-Portugees, ook om historiese redes, waarskijnlik geen belangriker rol gespeel as b.v. Duits of Hottentots nie.

Wat Dr. H. sê op bladsij 143—144 kan ek beaam, maar dit is dan ook iets anders as om die vereenvoudiging van die Afrikaanse grammatika tot te skryf aan Maleis-Portugees met name. Waarom nie ewegoed aan Hottentots, Duits of Frans nie? Die geskiedenis in elk geval sou daar nie teen pleit nie, eerder sterker dâar voor as vir Maleis-Portugees. En ook die syntaksis pleit daar nie teen nie, en, goed beskou, die woordeskat ook nie.

Na die oorsig van die woordeskat en die vormleer, kom Dr. H. tot die klankleer — 'n glibberige terrein, nie alleen vir die Nederlandse maar ook vir die Afrikaanse geleerde. Dr. du Toit het seker sij bes gedoen om Dr. H. hier te hulp te kom, maar hij moet erken, dat dit „erg moeilijk, indien niet onmogelijk” is hier spore van Maleis-Portugese invloed aan te toon; en dit om twee redes: 1^o. „er zijn daartoe te weinig woorden bekend”! en 2^o. „het Maleisch-Portugeesch is een mengeltaal, niet een duidelijk afgebakende taalkundige eenheid” (*Afr. Stud.* p. 63).

Dr. du Toit toon aan, in teenstelling met Dr. Hoogenhout, wat aan Engelse invloed dink, dat die dialektiese uitspraak van die *j* in die omstreke van die Kaap, Stellenbosch en die Paarl, soos dit gehoor word in die mond van kleurlinge, Maleiers, en misskien 'n paar blanke, toegeskryf moet word aan Maleise invloed (p. 67). As die feite is soos hij dit voorstel, lijk sij gevolgtrekking mij juis. Maar vir ons ondersoek het dit weinig waarde. As Dr. du Toit gelijk het, dan moet dit noodsaakliker wijs 'n ten minste betreklik jong ontwikkeling wees, anders sou mens verwag dat die spore daarvan nie beperk sou gebly het tot die genoemde distrikte nie, of anders moes die Maleise invloed sig van die begin af tot die omstreke van die Kaap bepaal het. Maar Dr. du Toit gaat verder, en sê dat die uitspraak sig bepaal in hoofsaak tot Maleiers en kleurlinge. Dan verloor die feit nog meer van sij waarde. So 'n verskijnsel, eie aan Maleis-Afrikaans alleen, bewijs niks vir algemeen Afrikaans nie. Maar ek meen dat die uitspraak, ten minste aan die Paarl, dikwels ook in die mond van blanke gehoor word. Dan sou dit beïnvloeding moet wees van die soort wat ek ook elders aangeneem wil sien: aanlering van Afrikaans deur vreemdelinge, in die geval Maleiers, en inwerking van die so ontstane geadapteerde Afrikaans op die Afrikaans van suiwere ontwikkeling.

Eén suggestie van Dr. H. moet ons nog bespreek — en verwerp. Die verlies van 'n slot-*t* na 'n toonlose konsonant wek bij hom die vermoede „dat ook op de klankleer van 't Afrikaansch invloed van het Oosten te constateren moet zijn” (p. 152), omdat dieselfde verskijnsel kan

waargeneem word bij Hollandssprekende Sinjo's. Daar en waar nog? So êrens, dan het ons tog seker hier te doen met 'n spontane, fonetiese ontwikkeling. Op die hele lijn van ontwikkeling van Afrikaans is invloed van buite moontlik, dus natuurlik ook hier, maar Dr. H. grijp hier na 'n strooitjie. Ek noem 'n paar voorbeelde van dieselfde verskijnsel 1^o. in Middelnederlands: *rech, nach, vruch, krach, helf, hoof, achters, stercx*, (vgl. van Helten *Mnl. Spraakk.* p. 204, aangehaal deur Dr. Kruisinga in *Taal en Lett.* XVI, p. 243); 2^o. in Hollandse dialekte: *rech, pes, ach, bes, ambach, (architek), plich, help, lich* (sie van Ginneken, *Handboek d. Ndl. Taal* I, p. 93, 94). Vergelijk verder *Taal en Letteren* XVI, p. 243, waar nog verwys word na Oud-Beyerlands en Bommelerwaards; *De Zonde in het Deftige Dorp* van de Meester, waarin o.a. vorme soos *doch, kos, heef*, ens. en *Boefie* van Brusse, waarin vorme soos *dach, mog, mos, kos, beloof*, ens. veel voorkom. Dit is dus selfs twijfelagtig in hoever hier sprake kan wees van ontwikkeling in Afrikaans. Aan oorerwing kan ook gedink word.

Deur sij ondersoek kom Dr. H. tot die volgende konklusie: „Voor de ontwikkeling van het Afrikaansch is geen taal van meer beteekenis geweest dan het Maleisch-Portugeesch, waaraan niet slechts vele woorden zijn ontleend, maar dat ook op syntaxis en vormleer een zeer ingrijpenden invloed heeft geoeffend.”

Ek gloo nie dat Maleis-Portugees vir die ontwikkeling van Afrikaans van meer betekenis was dan Hottentots, Duits, en miskien selfs Frans en Malegassies nie; veel woorde is daar nie aan Maleis-Portugees ontleen nie; die

bewese invloed van die taal op die Afrikaanse syntaksis, vormleer en klankleer is nul; die *waarskijnlike* invloed is gering, heeltemaal onvoldoende om grond te verskaf vir 'n teorie wat die ontwikkeling van Afrikaans wil verklaar. Dat Maleis-Portugees aan die Kaap gepraat is, in hoofsaak deur slawe, dat ook blanke die taal kon praat, het Dr. H. bewijs. Die grootste aantal Maleis-Portugese woorde het Dr. H. genoem. Hierbij neem ek nou maar aan, dat die gebroke Portugees wat aan die Kaap gepraat was, ook werklik Maleis-Portugees was.

Maar die eigelike waarde van Dr. H. se werk sit daarin, dat hij dit ons begriplik maak, hoe die ontleninge plaas gevind het. Sij ondersoekinge het 'n belangrike lig gewerp op die taaltoestande aan die Kaap gedurende die eerste honderd of honderdvijftig jaar van die volksplanting, en sij studie het probleme op die voorgrond gebring, wat hij self soms nie kon oplos nie, wat nou nog op oplossing wag, maar dáárvoor, dat hij die aandag daarop gevestig het, verdien hij die dankbaarheid van wie hom interesseer vir die geskiedenis van die ontwikkeling van die Afrikaanse taal, en veral sij moedige bepleiting, in die tijd al, van Afrikaans as skriftaal, sal hom 'n plaas verseker onder die voorvegters van 'n beweging wat, ook dank sij hóm, dageliks aan krag toeneem, en waarvan alléén die behoud of die ondergang van die Nederlandse taaltak in Suid-Afrika afhang.
